GESELSBRIEF – 7

'n Gespreksgeleentheid vir gelowiges wat nuut, reformerend en veranderend wil saam praat oor eenheid, verskeidenheid en eendersheid

ONS GESELS VOORT

November 2017

GESELSBRIEF 7 van November 2017 fokus hoofsaaklik op uitdagings vir die Sinode 2018. Ons vra voorbidding dat die Here wysheid, geloof hoop en liefde sal skenk aan al die afgevaardigdes by die Sinode maar ook aan elke lidmaat van die GKSA met die besef ons behoort alleen aan Hom, ons Verlosser en Saligmaker en wat ons doen, doen ons alleen tot Sy eer en verheerliking.

In die kerk van die Here leef daar by lidmate, op grond van dieselfde Bybel wat ons lees, vele verskille. Ons ken dit uit die geskiedenis van die kerk en nader tuis in eie kerkverband, gewoon uit gesprekke tussen lidmate onderling, (asook uit vele terugvoer op Geselsbriewe).

Voorbeelde van verskille kan wees oor die misterie van lewe en dood, of oor *hoe* God ingryp in ons lewens; leerstellig, bv. oor uitverkiesing, of die erfsonde; eties, oor die doodstraf, apartheid; dan nog verskille in die geloof-wetenskap gesprek, by name die skepping-evolusie debat. Oor kerkpraktyk/kerkinrigting, sinodebesluite, noem maar op. Maar maak dit saak dat daar verskille is?

Die mees grondliggende rede daarvoor is seker dat ons mense is wat (emosioneel) kan voel, dink, onthou, beleef en streef. Ons kan waarneem, wonder, uitpluis, verstaan, van insig verander, glo *en ja, ons kan/mag selfs twyfel.* Ons is geen outomate wat altyd volgens program, dieselfde "reageer" nie.

Daarom is dit nie vreemd of verkeerd dat Christen-gelowiges hul geloofsbron, die Bybel, deur die eeue verskillend gelees, geïnterpreteer en tot verstaan en weer-verstaan gekom het nie. 'n Siklus wat hom sal herhaal tot in die ouderdom van elke mens.

Daarom praat die kerk van die Here as sy een liggaam al eeue lank deur sinodes/kerkvergaderings/konsilies, met mekaar. (Vgl. Hand. 15). Die belangrikste doel daarvan is om in liefde, geduld en begrip vir mekaar, *tot eenheid van hart en sinne te kom*. Om dus vanweë verskille enigsins te dink aan 'n opsie om weg te breek, af te sny of te skeur, behoort in niemand se hart op te kom nie.

Nie alle sake waaroor mense verskil, kom op die sinodetafel nie. Dikwels alleen dit wat meebring dat kerke van mekaar verskil in hul manier van kerk-wees, diens aan die Here, hul kerkpraktyk, of manier van kerkregering/kerkbestuur. Die *vrou-in-die-amp (VIDA),* is tans in die GKSA 'n voorbeeld daarvan. Die uitklaar van verskille is 'n belangrike taak van meerdere vergaderings, veral waar dit oor kern sake gaan. Ons

INHOUDSOPGAWE

Ons gesels voort 1

Oopgesprek 2
Hoe Verstaan Ek die Beswaarskrif Teen Besluite Wat Die Sinodes Van 2009 En 2016 Oor Die Vrou In Die Ampte Geneem Het?
Theuns Erasmus & Hans Malan

Uit Alle Oorde 5
Gesprek oor Kerkskeuring
Amie van Wyk

Dit Laat my Wonder 8
Om te Vergeet en te Onthou
Willemien van Heyningen

Uit My Hart... 8
Hoe Hanteer Ek My Roeping
Antoinette du Plessis 9

Uitnodiging
Gespreksforum 3
Theuns Erasmus

Redakteur:
Thea Heckroodt van Wapadrant Gemeente

Stuur nuusbrokkies asook e-posadresse van persone wat die ***GESELSBRIEF*** wil ontvang na:

geselsbrief@gkwapadrant.co.za

kerkverband het jare terug ooreengekom dat daar spesifieke riglyne van Skrif, belydenisskrifte en kerkorde is wat gevolg moet word om verskille op te los. Ongelukkig is die riglyne nie gevolg toe verskille oor VIDA in die sinodes van 2009 en 2016 op die tafel was nie. Dit is waaroor die beswaarskrif gaan, wat in hierdie Geselsbrief toegelig word.

Beswaarskrifte het 'n eie tegnies, kerkregtelik aard en is nie altyd vir almal maklik verstaanbaar nie. Die *toeligting van die beswaarskrif* deur Hans Malan en Theuns Erasmus, in hierdie uitgawe, wil dit vir gewone lesers toeganklik maak.

Na aanleiding van Prof Amie van Wyk se *"Gesprek oor kerkskeuring", moet ons onsself die vraag afvra,* wil ons daar wees?

Willemien van Heyningen, ruk ons tot stilstand in haar kragtige kort stukkie: *"Om te vergeet en te onthou".* Die Here roep sy kerk oor wie Hy alleen die hoof is, om *sout* te wees, op 'n manier wat die wêreld sal laat dors na die Lewende Water, ongeag die amp, en of dit man of vrou is.

Antoinette du Plessis se "Uit die hart", raak ten diepste die dubbelslagtige wyse waarna na die roeping van 'n man of vrou gekyk word. Elkeen word geroep om getrou te wees in die roeping waarmee sy/hy geroep is, om sy/haar funksie so te vervul dat die liggaam van Christus in staat sal wees om *haarself* op te bou. (Ef. 4:16b).

Aangesien die besluite wat deur die Sinode van 2018 geneem word so belangrik is, nooi Theuns Erasmus ons uit na *Gespreksforum nr. 3,* vroeg in 2018 om te kom saampraat en om 'n bestek opname te maak van die 2018 besluite en die pad vorentoe.

Die Redaksie

1Tim. 6:12

In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuienis afgelê.

Ef. 3: 20 – 21

Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen

OOPGESPREK

HOE VERSTAAN EK DIE BESWAARSKRIF TEEN BESLUITE WAT DIE SINODES VAN 2009 EN 2016 OOR DIE VROU IN DIE AMPTE GENEEM HET?

Waaroor gaan die beswaarskrif?

Dit is nou al verskeie dekades dat die saak van die vrou in die ampte (VIDA) van predikant, ouderling en diaken op die sinode se agenda kom. (Vir 'n oorsig oor die verloop van die probleem oor die jare sien Geselsbrief 6). Die saak van die vrou as diaken is al afgehandel maar die saak van die vrou as predikant en/of ouderling hou aan met terugkom. Dit wil lyk asof een van die belangrikste struikelblokke wat veral die laaste paar jaar na vore gekom het, die besluitnemingsproses van die sinode is en ons beswaarskrif gaan dan juis daaroor.

AGTERGROND OOR PRESBITERIALE BESLUITNEMING IN DIE GKSA.

Ouderlinge bedien Christus se kerkregering

Ons gaan van die Bybelse standpunt uit dat Christus die Hoof is van sy kerk op aarde. Volgens die presbiteriale kerkregeringstelsel wat een van die kenmerke van die Gereformeerde Kerkverband (GKSA) is, word die ouderlinge geroep om Christus se gesag en regering in die kerk te bedien. In die geval van plaaslike kerke word hierdie diens verrig deur die ouderlinge wat in kerkrade vergader en besluite neem. Sover menslik moontlik, word alle besluite van 'n kerkraad geneem in ooreenstemming met die Skrif, die

Belydenisskrifte en die Kerkorde van die GKSA (afgekort: SBK).

Kerke selfstandig maar onderling verbind tot samewerking
Let wel dat ons deurgaans van ’n “plaaslike kerk” praat i.p.v. van ’n “gemeente”. Die GKSA is nie ’n korporatiewe, oorkoepelende, permanente eenheidstruktuur, waaronder al die plaaslike kerke as ondergeskikte deelnemers of filiale ingedeel is nie. Daarom verkies ons om nie na “gemeentes” te verwys nie, maar na “plaaslike kerke”. Die plaaslike kerke in die GKSA is onderling van mekaar afhanklik maar andersins selfstandig. Hul selfstandigheid word behou ook waar die kerke dmv afgevaardigde ouderlinge in meerdere vergaderings vergadering hou.

Wanneer die Gereformeerde kerke dus in meerdere vergadering byeen kom (klassisse, streeksinodes sowel as die algemene sinode) , is dit die kerke wat saam die regerende gesag van Christus bedien (en besluite neem) en nie ’n permanente liggaam met sy eie gesag nie. Dit is juis waarom elke meerdere vergadering direk na afloop van ’n vergadering die notule goedkeur en dan ontbind. Die volgende meerdere vergadering is weer ’n nuwe afsonderlike vergadering wat dan weer sake afhandel en ontbind. Tussen hierdie vergaderings bestaan die meerdere vergadering dus nie. Net die plaaslike kerke bly voortbestaan as selfstandige kerke.

Gesag van besluite berus op die Skrif-, Belydenis- en Kerkordelike (SBK) gronde daarvoor aangevoer
Die gesag van kerkrade en meerdere vergaderings se besluite berus op die SBK op grond waarvan die besluite geneem is. Besluite wat op grond van SBK deur ’n meerderheidstem geneem is, is vas en bindend vir die plaaslike kerke. In gevalle waar SBK-gronde vir ’n besluit ontbreek of waar die SBK geen direkte of indirekte steun aan ’n besluit verleen nie, is die besluit NIE VAS of BINDEND nie en kan hoogstens dien as aanbeveling aan plaaslike kerkrade - selfs as die besluit met meerderheid van stemme van die afgevaardigdes geneem is (artikels 30 en 86 van die KO saamgelees en art 29 NGB).

Besluite moet dan tesame met die SBK-gronde waarmee hulle gemotiveer is, genotuleer en aan die kerkverband deurgegee word. Sodoende is die gesag van enige besluit agterna vasstelbaar deur ondersoek en beredenering; in geval van sinodebesluite, deur middel van ondersoek van die toepaslike gedeelte van die Handelinge van die Sinode (waarna ook verwys word as Die Acta van ’n bepaalde jaar).

Dit is ’n ernstige afwyking van ons onderdanigheid aan Christus as ’n meerdere vergadering besluite neem wat nie vanuit SBK gemotiveer kan word nie. **In so `’n afwyking spreek menslike gesag (valse gesag) en nie Christelike gesag (ware gesag) nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art 29 stel dit baie sterk dat ’n kerk “wat aan homself en sy ordinansies meer mag en gesag toeskryf as aan die Woord van God... is ’n valse kerk”. Ons moet dus die sake wat in die beswaarskrif aangesny word, ernstig opneem**

HOOF ARGUMENTE VAN DIE BESWAARSKRIF TEEN SINODEBESLUITE VAN 2009 EN 2016

’n Beswaarskrif van die Gereformeerde kerke Klerksdorp, Wapadrand en Noordrand word by Sinode 2018 ter tafel gebring. Dit word gerig teen die alombekende besluite van sinodes 2009 en 2016 waarvolgens die verteenwoordigers van die Gereformeerde kerke in sinode byeen, besluit het dat vrouelidmate nie as ouderlinge of predikante in die kerke beroep mag word nie. ’n Opsommende weergawe van die beswaarskrif is beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/besprekings--forums--blogs (Lees intyds of laai af in pdf).

Ter wille daarvan om wyer begrip daarvoor te bevorder, word in hierdie bydrae, op die deurslaggewende aspekte van ons besware gewys. Hierdie hoofargumente handhaaf die volgorde soos in die beswaarskrif.

Vertrekpunte
Van die vertrekpunte is reeds hierbo gewag gemaak. Die gewigtigste en mees grondliggende waarnemings wat in die beswaarskrif uiteengesit word, is:

Die 2009-besluit

- Sinode 2009 het twee ewe goed gemotiveerde eksegetiese standpunte oor VIDA (vrou in die amp) ter tafel gehad. Albei standpunte is op SBK-gronde aanvaarbaar bevind. Die een maak die gevolgtrekking dat 'n vroulike lidmaat wel tot die dienste van ouderling en predikant in die kerke toegelaat mag word. Die ander standpunt kom tot die tenoorstaande gevolgtrekking.

  Die sinode **neem kennis** van beide standpunte, wat beteken dat die sinode geen van die aangevoerde SBK-gronde (na die een of die ander kant), vir sy eie rekening neem nie. Sonder om SBK-gronde aan te toon vir die keuse wat gemaak word, besluit die sinode deur middel van meerderheidstem ten gunste van die standpunt dat vrouelidmate NIE tot ouderling en predikant beroep mag word nie. Sodoende word 'n belangrike besluit (die keuse tussen twee opsies), geneem sonder om op grond van SBK redes aan te voer waarom. Gevolglik glo ons dat die 2009-besluit in verband met VIDA nie vas en bindend geag mag word nie.

- Let asseblief op dat dit in die beswaarskrif NIE gaan oor die feit dat die nee-opsie by wyse van meerderheidstem gekies is nie. Dit gaan daaroor dat meerderheidstem gebruik is om vir 'n opsie te kies sonder dat Skrifgronde aangevoer is as rede waarom dit die regte opsie sou wees. Dit sou net so 'n fout gewees het as die Sinode dieselfde prosedure gebruik het om vir die ja-opsie te kies.

Die 2016-besluite en opmerkings daaroor

- Die sinode 2016-besluite gee uitsluitsel op verskeie besware teen die 2009-besluit. Die gevolglike meerderheidstemming is dat die 2009-besluit verdedig word en die besware afgekeur word. Die beswaarskrif toon aan dat die 2016 besluite gefouteer het en dat die besware verkeerdelik afgewys is.

Die Godsopenbaring as motiveringsgrond in die beswaarskrif

- Hierdie gedeelte van die beswaarskrif moet met 'n oop Bybel gevolg word. 'n Algemene riglyn uit die Skrif word beredeneer langs die weg van verskeie teksgedeeltes wat gesamentlik aantoon dat die 2009-besluit, wat vroue sonder die nodige Skrifgronde verbied om diensbaar te wees in die leer- en regeerdiens in die kerk, in stryd is met die Godsopenbaring.

Skrif, Belydenis en Kerkorde

Verskeie allerbelangrike gevolgtrekkings werk hier saam. Deurdat daar geen SBK-gronde bestaan waarvolgens die 2009-besluit tussen die twee moontlikhede kon kies nie, is die besluit wat die verbod op vroue-ouderlinge en -predikante invoer :

- 'n Menslike toevoeging tot die wyse waarop God gedien moet word;
- Niks anders nie as 'n menslike instelling wat valslik voorgee om die gelowiges se gewetens te bind;
- In stryd met NGB arts 7, 29 en 32 en doen 'n beroep op valse gesag van 'n blote meerderheidstem.

Die Kollegialisme met meerderheidstem teenoor die presbiteriale kerkregering

Vir die 2009-besluit is geen Skrif-, belydenis- en kerkordebegronding gegee nie. Die 2016-besluite wys die beswaar teen kollegialisme in die 2009-besluit af sonder geldige motivering en sonder om die Skrifgesag vir die besluit te bevestig. Die 2009-besluit berus op die valse gesag van 'n blote meerderheidstem (sonder SBK-begronding).

Art 33, kredensiebriewe en keurstem

Die bewoording van ons amptelike kredensiebriewe (die geloofsbriewe wat kerkrade uitreik aan hul afgevaardigdes na meerdere vergaderings), maak dit duidelik dat afgevaardigdes se volmag beperk word tot handel volgens die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die Kerkorde in alle sake wat ter tafel kom. Beide in die sinodebesluite van 2009 en 2016 het afgevaardigdes hul mandaat oorskry deur ten gunste van besluite te stem waarvoor geen SBK-gronde aangevoer is nie. Laasgenoemde blyk duidelik uit die Handelinge van die onderskeie sinodes.

Die 2016 besluite
Hier word gewys op die waarskynlike aanleidende oorsaak waarom SBK-begronding uit die besluite van die sinode ontbreek. 'n Kommissie gee verkeerdelik te kenne dat hulle hul taak volledig uitgevoer het. Dit blyk by nabaat dat dit nie die geval was nie en dat die sinode van 2016 sy besluite op valse inligting baseer het.

Die "stelreël" wat soms kerkregtelik baie intimiderend aangehaal word, (die Heilige Gees en die sinode het besluit), is nie op die volle waarheid gebaseer nie. Want afgevaardigdes by 'n meerdere vergadering soos die sinode, is almal feilbare sondaars. Slegs daardie kerklike besluite wat duidelik Skrif-gegrond is, kan voorgehou word as besluite waarvan gesê kan word: 'die Heilige Gees en ons het besluit'. Die houding by sommige dat 'n sinode nie nodig het om bewyse uit die SBK vir 'n besluit voor te lê nie, is op 'n drogredenasie gegrond.

Klasses Pretoria Moot en Noordwes
Die gebrekkige besluite oor VIDA deur die 2009- en 2016 sinodes beskik oor geen SBK-gesag nie. Onlangse optrede van die genoemde klasses bewys hoedat die 2009-besluit met valse gesag op plaaslike kerke afgedwing word. Indien lesers hieroor meer te wete wil kom, kan vorige uitgawes van die Geselsbrief geraadpleeg word. U predikant sal ook in besit wees van die skriftelike kennisgewings wat in bovermelde verband deur Pretoria Moot en Noordwes in die ganse kerkverband versprei is.

Versoek aan die Sinode van 2018
Die betrokke kerkrade wat die beswaarskrif na die sinode neem, glo dat die onhoudbaarheid van die 2009 en 2016 sinodebesluite bewys is en vra die komende sinode :

- Om te besluit dat geen SBK-motivering vir die 2009-besluit bestaan nie (Acta 2009:667, 4) en
- dat die 2009-besluit nie vas en bindend is nie.

HOE NOU VERDER?

Die onverkwiklike gevolge van die onordelike besluitneming van die Sinodes van 2009 en 2016, is besig om die GKSA langs nie-skriftuurlike lyne te verdeel. Dit is so onnodig en kan maklik reggestel word. Ons glo en vertrou dat die aanvaarding van hierdie beswaarskrif 'n stap in daardie rigting is. Ons vertrou ook dat alle afgevaardigdes wat dit lees, die belangrikheid van behoorlik gemotiveerde besluitneming en notulering sal verstaan en meehelp om toekomstige besluite op ordelike wyse te neem.

Mooi loop in Christus.

Theuns Erasmus, GK Wapadrant
Hans Malan, GK Potchefstroom-Oos

UIT ALLE OORDE

GESPREK OOR KERKSKEURING

Oor skeurings en afsplitsings
Daar is byna geen enkele kerkgemeenskap in Suid-Afrika of daar heers 'n mate van spanning en meningsverskil en selfs sprake van 'n dreigende kerkskeuring nie. Dit is nie 'n vreemde verskynsel nie. Ek dink byvoorbeeld aan die NGK wat in die vorige eeu twee kerkskeurings, eintlik afsplitsings, ervaar het. In 1944 is die "De Vos-kerk" onder leiding van dr DJJ de Vos gestig, destyds genoem die Nuwe Protestantse Kerk. Die debat het gegaan oor die vroomheidsoriëntasie van die NGK en die geestelike doodsheid wat in die NGK sou geheers het, maar persoonlikheidsverskille het in hierdie stryd ook 'n groot rol gespeel. In

1949 bedank dr De Vos weer uit die Nuwe Protestantse Kerk en stig die Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die Nuwe Protestantse Kerk se naam verander in 1986 na die Evangeliese Gereformeerde Kerk (met 'n totale lidmatetal van ongeveer 12 000 vandag) en die Hervormde Nederduitse Gereformeerde Kerk word die Christelike Gereformeerde Kerk. (Dit is iets anders as die Christelike Gereformeerde Kerk van Nederland.)

In 1987 het daar 'n tweede afsplitsing in die NGK plaasgevind onder leiding van dr WJG Lubbe omdat daar groot ontevredenheid in die NGK ontstaan het oor sy aanvaarding van die beleidstuk *Kerk en samelewing* in 1986 waarin die NGK van apartheid afskeid geneem het. Die nuwe kerkgemeenskap wat ontstaan, het nie hiermee saamgestem nie, want hulle het geglo aan afsonderlike kerkformasie, "elke volk het sy eie kerk". In 2005 het die APK ongeveer 45 000 lidmate gehad.

Tans is daar in die NGK weer 'n hewige debat oor die gay-kwessie aan die gang en is daar ook weer sprake van 'n moontlike kerkskeuring. Die groot debat oor die Belydenis van Belhar het op die oomblik op die agtergrond geraak.

Rondom 2011 en daarna het 'n nuwe beweging in die Hervormde Kerk (NHKA), eers genoem Steeds-Hervormers en later Geloofsbond van Hervormde Gemeentes, van die NHKA wegbeweeg en 'n eie kerk gevorm met 'n lidmatetal van 10 000 plus. Ook hulle was ontevrede daarmee dat die Hervormde Kerk al verder wegbeweeg het van sy karakter as volkskerk en van apartheid, terwyl daar volgens hulle ook leerdwalings ontstaan het. [Toe die GKSA in die vorige eeu die eenheidsgesprekke met die NGK en Hervormde Kerk begin het, was laasgenoemde nie baie entoesiasties daaroor nie. Dit val op dat toe daar van 'n skeuring in die Hervormde Kerk hierdie eeu sprake was, daar baie meer entoesiasties oor die eenheid van die kerk geskryf en gepraat is.]

Die GKSA het in sy bestaan van 158 jaar nog geen afsplitsing ervaar nie, of nee wag, ek sê verkeerd. In 1877 vind daar in Bethulie 'n kerkskeuring (eintlik gemeenteskeuring) plaas en in 1908 in Humpata (Angola). Die kleurkwessie het oral maar op die agtergrond 'n rol gespeel. In Humpata was die lidmate beswaard dat 'n blánke predikant aan sowel blankes as gekleurdes die Woord en sakramente bedien (en nie eers in dieselfde kerkgebou nie!).

Nadenke oor eenheid

In 17/1971 skryf ek in die teologiese tydskrif *In die Skriflig* 'n artikel onder die opskrif *Mag die kerk skeur*? Ek het reeds van die dae van my teologiese studie met hierdie vraag geworstel en dikwels met prof WJ Snyman, professor in Nuwe Testament, hieroor in gesprek getree. My worsteling het gegaan oor die feit dat die Nuwe Testament glad nie weet van kerkskeuring nie, trouens dit skerp veroordeel, en dat Christus gebid het vir die eenheid van die kerk "sodat die wêreld kan glo" (Joh. 17:21). Hoe kan die wêreld die boodskap van versoening (van mens en God asook van mens en mens) glo indien kerke (en christene) mekaar opponeer en sinodes direk teenstrydige besluite neem en dit nogal "in die lig van die Skrif" en "onder leiding van die Gees"?

So 'n gedagte is mos absurd. Prof Snyman was die persoon wat ons sinodes tydens die vorige eeu oortuig het dat kerklike verdeeldheid sonde is en dat alles moontlik gedoen moet word om die breuk te heel. Hy het daarop gewys dat Luther en Calvyn nie bedoel het om die Rooms-Katolieke Kerk te skeur nie maar te hervorm, en toe deur die Kerk afgesny is. Dieselfde het ook gebeur met die Doppers in 1859, veral in die Noord-Oos Kaapland, wat teen (vrysinnige) gesange gekant was en toe belet is om hulle kinders te doop en nagmaal te vier.

In my genoemde artikel het ek die gedagte van kerkskeuring krities vanuit die Skrif bespreek en bevraagteken en die volgende opgemerk: "Ons moet ons kinders help om – ook sonder konsentrasiekampe – die jaar 2000 binne te gaan as die een onverdeelde Godsvolk." Hierdie hoop het natuurlik nie gerealiseer nie, trouens, daar is by ons tans 'n hewige debat aan die gang oor "die vrou in die amp", iets wat Sinode 2015 as "wesentlike saak" beskryf het. In 2008 skryf ek weer 'n artikel oor die saak van kerklike verdeeldheid onder die titel "Is Christus verdeel?" en dit verskyn in die teologiese tydskrif *Verbum et Ecclesia* (nr. 2).

My artikel van 17/1971 het hewige reaksie uitgelok. Professore Gert van der Linde, Demps van der Merwe en Bouke Spoelstra het in *In die Skriflig* van Junie 1971, elk op sy eie wyse op die artikel gereageer, met Van der Linde as skerpste kritikus. Volgens hom het ek 'n "streep getrek deur die bestaansreg van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika". Prof Van der Merwe het, na herhaalde lees van die artikel, geskryf "dat sy waardering toegeneem het" en kon hy met 'n rein gewete sê dat die stuk "belangrik en waardevol is". Spoelstra het veral op kerkregtelike sake gefokus. In "*In die Skriflig"* van Junie 1972 het ek op die kritiese vrae probeer antwoord.

Nuwe debatte

Wie oorhaastig van kerkskeuring praat by die geringste verskil van mening, het nog nie naasteby erns gemaak met hoe die Skrif oor kerkeenheid praat nie. So 'n persoon is nie net uit pas met die standpunte van die grootste name in die ortodokse teologie nie, soos Augustinus, Calvyn en Bavinck, wat almal kerkeenheid beklemtoon het, maar ook met die duidelike gegewens wat ons oor hierdie onderwerp in die Skrif vind. In die gereformeerde teologie spreek die Skrif die laaste woord en dis verstommend om te sien hoe Skrifkrities voorstanders van kerkskeuring met die Skrif omgaan. In my twee bogenoemde tydskrifartikels van 17/1971 en 2/2008 het ek die Skrifgegewens breedvoerig ter sprake gebring en daarop gewys dat daar in die Nuwe Testament geen sprake is van kerkskeuring nie en dat die eenheid van die kerk as volk van God, liggaam van Christus en tempel van die Heilige Gees oral beklemtoon word. Wat ons wél in die Nuwe Testament aantref, is 'n ryke verskeidenheid, maar dan telkens binne die raamwerk van die eenheid van die kerk

Die mees onweerspreeklike teksgedeelte in hierdie verband is die hoëpriesterlike gebed van Jesus Christus:

> *Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" (*Joh. 17:21).

Daar is pogings aangewend om hierdie teks te vergeestelik asof dit (net) sou gaan oor "geestelike" eenheid. Maar hoe kan die wêreld die boodskap van versoening glo as die eenheid tussen christene net "geestelik" en dus onsigbaar is, ja, skerper nog, as christene mekaar soms teenstaan, opponeer en selfs weerspreek ten opsigte van die verstaan van die Skrifboodskap?
In Handelinge 15 vind ons die groot voorbeeld van wat kerke/gemeentes behoort te doen in geval van meningsverskil: vergader saam, bid saam, praat saam en besluit saam, alles onder leiding van die Gees en in die lig van die Woord. Wanneer eenstemmigheid nie bereik kan word nie, wag dan geduldig op mekaar vir 'n volgende geleentheid. In geval van duidelike dwaalleer, moet die dwaalleer afgewys en die dwaalleraars getug word.

Dit is baie belangrik om duidelik tussen wesentlike en middelmatige sake te onderskei en nié middelmatige sake tot wesentlike sake te verhef nie, ook nie wesentlike sake tot middelmatige sake te verlaag nie. Die Here gee ons die opdrag om altyd in *liefde* by die *waarheid* te bly en so in alle opsigte na Christus toe te groei (Ef. 4:15). Hoe nader gelowiges na Christus toe groei, hoe nader groei hulle na mekaar toe. Hoe verder hulle van Christus wegbeweeg, hoe verder beweeg hulle uit mekaar.

Ten slotte

Wapadrant-gemeente is 'n dinamiese gemeente binne die verband van die GKSA wat erns maak met die eenheid van die verband binne die GKSA, maar dan toegepas op die nuwe omstandighede waarin die kerk van Christus hom tans bevind. Die tyd is finaal verby om oor middelmatige sake te stry noudat ons in 'n postmoderne tyd leef waarin fundamentele waarhede oor byvoorbeeld Christus bevraagteken word en ons ook al meer met 'n opkomende aggressiewe ateïsme te doen kry. In so 'n dinamiese benadering sal sekerlik foute gemaak – en bely – word, maar die kerk van Christus is geroep om die ou evangelie op nuwe maniere in 'n nuwe tyd ter sprake te bring. Vandaar dat 'n gespreksforum begin is om op verantwoordelike wyse oor nuwe vrae te besin. Tans lok die vraag oor die 'vrou in die amp' veel bespreking uit en gevolglik is dit een van die gesprekspunte waaroor besin word.

Prof Amie van Wyk

DIT LAAT MY WONDER

OM TE VERGEET EN TE ONTHOU

Sê nou ons *vergeet* vir 'n oomblik van die energie wat oor die afgelope dekades in die GKSA bestee is aan ondersoeke en studies, bewyse en verklarings, beredenerings en diskussies, argumente en standpunte, idees en voorstelle, verslae en rapporte, besluite en strategieë ...
... deur mans- en vrouelidmate, kenners en leke, teoloë en predikante, kerkrade en sinodes, deputate en kommissies, sosiale- en braaivleiskommentators en media ...

... oor die vrou in die amp VIDA vraagstuk ...

En sê nou ons *onthou* vir 'n oomblik WIE die hoof ook van die GKSA is.

En sê nou JESUS sou reg voor ons kom staan en ons sou Hom kon vra wat HY sou doen om ons probleem op te los.

Miskien sou Hy ons herinner aan dit wat Hy vir Maria Magdalena gesê het toe sy Hom by die leë graf kom soek het. "Maria!"

Willemien van Heyningen

UIT MY HART ...

HOE HANTEER EK MY ROEPING?

Ek is 'n vrou
Ek is 'n lidmaat van die GKSA
Ek is 'n ouderling by die Gereformeerde Kerk Wapadrant
Maar die belangrikste van alles is dat ek 'n lidmaat is van die Kerk van die Drie Enige God op hierdie aarde!

Liewe Broer en Suster
Hierdie was die maklikste maar ook sekerlik die moeilikste brief wat ek nog ooit geskryf het. Maklik omdat ek met oorgawe en absolute sekerheid kan getuig van God se genade wat my op my lewenspad gelei en gedra het tot hierdie oomblik en nog sal dra tot in ewigheid. Ek is nie 'n gebore dopper of selfs 'n aangetroude dopper nie! Maar as ek so terugkyk op my lewe kan ek getuig van God se aanhoudende geskaaf en gedruk op my Geloofspad en my lewenspad wat onder andere daartoe gelei het dat ek as 'n "soekende" student by Dr KS van Wyk de Vries beland het. Vir die eerste keer in my lewe het ek gevoel ek het by my geloofsfamilie uitgekom! Dit was ook hier waar ek my dopper man 45 jaar gelede ontmoet het. God het my mildelik geseën!

As 'n GKSA kerklidmaat vir baie jare hierna, het ek katkisasie gegee, as onderwyser het ek daagliks in my klas geopen met gebed, het ek gereeld in die saal, agter die kateder, geopen met gebed en skriflesing en 'n kort preek gelewer en kon ek my roeping as gelowige in die GKSA uitleef en meedoen sover ek toegelaat was!

Die kwessie van die vrou se rol in die GKSA was egter vir my 'n probleem. Ek het met baie daaroor

gepraat, geredeneer en gesoek na antwoorde. Baie vroue het met my saamgepraat, ander het my gevra waarom dit dan vir my so belangrik is as ek self nie 'n ouderling wou wees nie. My antwoord was, "Dit gaan nie oor my nie maar oor al daardie vroue wat wel die roeping vir enige van die ampte ervaar maar dit nie mag doen nie!"

So deur God se leiding eindig ek en my man by die Gereformeerde Kerk Wapadrant waar ons deel word van 'n werkgroep oor die kerkverband en veral van die vrou in die amp.

MAAR... God was nog nie met my klaar nie. En hier kom die moeilikste deel van my brief. Hoe verduidelik ek aan enigiemand wat nie kan of wil verstaan, van God se roeping wat ek ervaar het om self ouderling te word? Hoe verduidelik ek van die Krag van die Heilige Gees wat in my werk as ek soms self dit nie verstaan nie. Hoe verduidelik ek die absolute oortuiging dat dit is wat God wou hê ek moet doen? Hoe kan ek beskryf dat God die Gawe van onderrig wat Hy aan my toegedeel het my laat gebruik in ons kerk en dat in die uitleef van my roeping as ouderling my eie geloofsgroei duisendvoudig toegeneem het?

En nou word my brief weer maklik! Dit is nie nodig om te verduidelik nie. God het my geroep, ek het geantwoord en dit is al!

Ek is so oortuig daarvan dat God elke lidmaat, man of vrou, wil gebruik om sy koningryk uit te bou dat ek dit van die dakke af wil uitbasuin! God het my geroep, ek behoort aan Hom en ek werk net vir Hom!

In die liefde van Christus Jesus wat alle verstand te bowe gaan, groet ek julle.

Antoinette du Plessis

OPE UITNODIGING

WAT GEBEUR NA SINODE 2018? KOM GESELS SAAM.

Die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika wag in spanning **op** die verloop van Sinode 2018. Daar is baie meer op die spel as VIDA. Die Sinode sal besluite moet neem oor die gewig wat ons gee aan die Skrif en Belydenisskrifte in ons vergaderings. Die hele kwessie van die funksionering van kerke wat op die presbiteriale regeringstelsel gebaseer is asook die kwessie van ware kerk teenoor valse kerk is op die Sinode se tafel. (Sien die aangehegte verduideliking en samevatting van `n beswaarskrif daaroor in hierdie Geselsbrief).

In die lig van die belangrikheid van die besluite wat Sinode 2018 gaan neem, is dit nodig om weer 'n Gespreksforum daaroor aan te bied waar gereformeerdes op 'n informele manier bestek kan neem van wat gebeur het, wat die impak daarvan kan wees en hoe ons almal saam die pad verder kan aanpak. Ons is almal **lidmate** van die Gereformeerde Kerk wat binne 'n presbiteriale kerkregeringstelsel, oor die vermo**ë** beskik om oor sake van wesentlike belang saam te werk en oor sake van mindere belang te verskil **sonder om kerkeenheid te bedreig**. Kom saam en gesels oor hierdie sake in Gespreksforum 3 wat aangebied sal word so 'n maand of twee na die Sinode van 2018. Ons sal later 'n meer spesifieke uitnodiging aan belangstellendes rig.

Mooi loop in Christus

Theuns Erasmus
Sameroeper Gespreksforum.

Hand. 4:12

"Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."